

Belangrike Inligting:


Datums Bl. 3-4

Muir Kollege sportprogram Bl. 5


# VOLKSIENUUS

13 Maart

# UIT DIE KANTOOR

- Volgende week begin ons die laaste week van eksamens, 'n belangrike tyd om fokus en deursettingsvermoë te wys. Ons moedig al ons leerders aan om die momentum van die kwartaal te behou, aktief deel te wees van hul spanne en projekte, en elke dag met trots en energie aan te pak. Dit is die perfekte tyd om alles wat ons reeds geleer en beplan het, mooi af te rond en sterk af te sluit.

- Ons wens ook sterkte aan al ons rugbyspanne en die netbal- en hokkie eerstespan wat hierdie naweek wedstryde speel. Speel met trots, gee julle alles en wys die ware Volkskool-spangees.

- Vanaand is daar 'n Bring en Braai by die Volksie – 'n geleentheid vir ouers en leerders om saam te kom en die winterprogram amptelik af te skop. Ons nooi alle ouers hartlik uit om by ons aan te sluit en hierdie opwindende begin van die seisoen saam te vier.

- Verder wens ons baie sterkte toe aan Kate-Lynn Kurger wat deelneem aan die SANJ Gala. Ons is trots op jou prestasie en glo jy sal die Volkskool se naam met trots hoog hou.

- Ons moedig al ons leerders aan om die res van die kwartaal met fokus en trots aan te pak en elke geleentheid te gebruik om te groei – akademies, sportief en op ander gebiede.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 13 Maart | Eerste span toer na Oos-Londen<br>Oudskoliere: Aanlyn jagpakkete<br>Bring en braai by Volksie |
| 14 Maart | Kirkwoodfees - netbal, hokkie (weg)<br><br>Muire - Rugby (tuis) |
| 15 Maart | Bergfietswedren |
| 18 Maart | LLR vergader<br>Me. Cecilia Pienaar verjaar |
| 19 Maart | SANJ Gala |
| 20 Maart | SANJ Gala<br>Netheid |
| 21 Maart | SANJ Gala<br>Level 1 Gala TBC<br>ODN Gim - Rugby, hokkie, netbal (weg)<br>Menseregtedag |

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 22 Maart | SANJ Gala |
| 23 Maart | SANJ Gala<br>Mnr. Ruan Stroelbel verjaar |
| 25 Maart | Eksamen eindig<br>Oscaraand |
| 27 Maart | UHS Festival - Hokkie<br>Skoolsluit |
| 28 Maart | UHS Festival - Hokkie<br>Oakdale toer - Rugby |
| 29 Maart | UHS Festival - Hokkie<br>Oakdale toer - Rugby |
| 30 Maart | UHS Festival - Hokkie<br>Oakdale toer - Rugby<br>Level 2 Gala |

# SPORT

| Rugby | | | |
|---|---|---|---|
| | A-veld | | B-veld |
| 09:00 | 0.16 | 09:00 | 0.14 |
| 10:10 | Tweedespan | 10:00 | 0.15 |
| 11:20 | Eerstespan | | |



Drostdy Toyota
TOYOTA
Graaff-Reinet
049-8922143
BOOMSTICKS
supa quick
Graaff-Reinet
049 892 6121
GRT Hardware
PRO OiL
Next Level Lubrication
SAVERITE
ISU
KELSTON

| Netbal - Kirkwood Sportdag | |
|---|---|
| 09:00 | Port Alfred |
| 12:12 | Pearson |
| 13:24 | Frameby |
| 15:48 | Kirkwood |



TYREMART
RIGHT TYRES... RIGHT PRICE

**Gill Kollege Festival**

Ons spanne het die naweek met groot entoesiasme en trots deelgeneem aan die jaarlikse fees by Gill Kollege. Dit was 'n naweek vol sport, spanwerk en deursettingsvermoë teen sterk teenstand.

Rugby:

Ons manne het karakter gewys en tot die einde gebly baklei. Hoogtepunte was die oorwinnings van die o.16's, Tweedespan en Eerstespan, wat hul harde werk en Volksie-trots getuig het:

- o.14 verloor 7–28 teen Ooskus Gimnasium
- o.15 verloor 15–45
- o.16 wen 20–14
- Tweedespan wen 20–0
- Eerstespan wen 32–7

Hokkie:

Die hokkiespanne het mooi gestruktureerde spel gelewer en teen sterk kompetisie meegeding. Die o.16A-span se drie oortuigende oorwinnings was 'n besondere hoogtepunt:

- o.16A-span: wen 1–0 teen Cradock, 3–0 teen VG, 2–0 teen Templeton
- Tweedespan: verloor 0–4 teen Ooskus Gimnasium, verloor 0–2 teen Gill Kollege, wen 1–0 teen VG, verloor 0–3 teen Burgersdorp

Netbal:

Ons dogters het elke wedstryd met trots en vasberadenheid gespeel. Hoogtepunte sluit in:

- Verloor 4–11 teen Spandau
- Verloor 9–12 teen Adelaide
- Verloor 5–22 teen Ooskus Gimnasium
- Wen 10–5 teen Get Ahead

Baie dankie aan elke speler, afrigter en ondersteuner wat deel was van hierdie geslaagde naweek. Julle het Volkskool se naam met trots op en van die veld uitgevoer!

**Karakter word gebou**

Die ontwikkeling van ’n nuwe ouderdomsgroep aan die begin van ’n seisoen bring altyd sy eie uitdagings. Vandag was een van daardie dae waar groei belangriker was as die uitslae op die telbord.

Vir ons rugby-, netbal- en hokkiespanne was dit ’n dag van karakterbou, deursettingsvermoë en leer. Spelers het vasgebyt, mekaar ondersteun en tot die einde toe aangehou veg – presies die eienskappe wat sterk spanne vorm. Sulke wedstryde bou nie net vaardighede nie, maar ook spangees, vasberadenheid en trots. Ons is trots op die gees waarmee ons spelers vandag deelgeneem het. Dit is slegs die begin van die seisoen, en elke wedstryd help om die fondament vir die pad vorentoe te lê.

Uitslae:
Rugby
- o.14 verloor 14–19
- o.15 verloor 0–17
- o.16 verloor 14–33
- Tweede span verloor 5–45
- Eerste span verloor 20–52

Hokkie
- Derdespan verloor 0–1
- Tweedespan verloor 0–2
- o.16A verloor 0–6

Netbal
- o.14 B speel gelykop 6-6
- o.14 A speel gelykop 12–12
- o.16 A verloor 35–5
- o.16 B verloor 21-2
- Eerstespan verloor 38–12

**Frederik de Klerk voltooi die Cape Town Cycle Tour**

Ons is ongelooflik trots op Frederik de Klerk wat Sondag, 8 Maart die 109 km van die Cape Town Cycle Tour suksesvol voltooi het. Dit was ’n groot uitdaging wat baie deursettingsvermoë verg het, en Frederik het die roete met sterkte en volharding afgehandel.



# KULTUUR

**’n Podiumplek vir Michyle Mostert ♟**

Michyle Mostert het tydens die 0.20 Sarah Baartman District Chess Union ’n uitstekende prestasie gelewer en die derde plek behaal. Hierdie prestasie is ’n bewys van haar deursettingsvermoë, harde werk en toewyding.


Na baie ure se oefening en toewyding het Michyle met selfvertroue deelgeneem en die Volkskool se naam met trots hoog gehou teen sterk kompetisie.



# ALGEMEEN



Bring-en-Braai
by Hoër Volkskool!
Op Vrydag, 13 Maart, voor ons teen Muir Kollege speel, nooi Hoër Volkskool die hele Volkskoolgemeenskap uit.
Almal welkom van 18:00.
Braaidromme en musiek word voorsien – bring jou eie braaipakkie, kampstoel, borde, glase en eetgerei.
Selfsorg-verversings is welkom.
Aartappelslaai is gratis beskikbaar, en vars, watertand lekker roosterkoeke kan by die snoepie gekoop word.
Kom sit om die vuur, kuier saam en begin die wintersportseisoen met trots!
VOLKSKOOL


NETBAL BESIGHEIDSLIGA
HOËR VOLKSKOOL
ONS SAL HANDHAAF
REGISTRASIE EN EERSTE WEDSTRYD
MAANDAG, 4 MEI 2026
HOËR VOLKSKOOL SE NETBALBANE
TYD 17:30
SCAN ME



## REEËLS EN REGULASIES

**Kostes:**
- R100 – Volkskool skoliere
- R150 – Volwassenes en buite skoliere

**Ouderdomsbeperking:**
- Deelnemers moet ouer as 14 jaar wees

**Spanformaat:**
- 7–12 spelers per span
- Maksimum van 4 mans mag gelyktydig op die baan wees

**Wedstrydformaat:**
- Vinnige wedstryde van 9 minute aaneenlopend
- Elke wedstryd sluit 'n 2 minute *Power Play* in – alle doele in hierdie tyd tel dubbel!
- 1 minuut ruil

VOORDELE VIR JOU BESIGHEID OM DEEL TE NEEM:

**Netwerkgeleenthede**
- Bou waardevolle verhoudings met ander sake-eienaars
- Skep nuwe vennootskappe en samewerkingsgeleenthede

**Spanbou**
- Verbeter werksvoldoening en lojaliteit
- Bevorder 'n gesonde balans tussen werk en ontspanning

**Positiewe gemeenskapsbetrokkenheid**
- Wys dat jou besigheid aktief in die gemeenskap belê
- Bou 'n goeie reputasie en versterk vertroue by kliënte



**Laaste dag van inskrywings op 20 April 2026**
**Kapteinsvergadering op 27 April 2026**


ROL VIR KANKER
aangebied deur
Hoër Volkskool en Graaff-Reinet Kankervereniging
16 | MEI 2026
Koste: R200 per persoon
Formaat: Pare / Pairs
Ingesluit:
Begin die oggend met 'n heerlike ontbytbroodjie
saam met 'n lekker koppie koffie of tee.
Geniet later 'n bederf tydens teetyd, gevolg deur 'n
smaaklike middagete.
Die dag word afgesluit met
'n steakete en dans teen R150 per persoon.
HOËR VOLKSKOOL
ONS SAL HANDHAAF
Navrae en inskrywings
Francois Oosthuizen - 082 440 9277
Neil Colyn - 083 461 5667

# VolksiesGRT RC


Sluit aan by ons WhatsApp groep

**Voordele:**

- ASA-registrasie beskikbaar
- Twee weeklikse hardloopsessies
- Saterdag gemeenskapshardloop saam met *Active*
- Alle vlakke welkom (beginner tot ervare hardlopers)

# beweeg





VOLKSKOOL JAG- EN LEEFSTYL
AANLYN/ONLINE
MEERKAT
ONLINE AUCTIONS
Datum: 13 Maart 2026
Tyd: 19h00
Plek: Graaff-Reinet
VLEISSENTRAAL
PORT ELIZABETH
VOLKSKOOL
AFSLAER André van Zyl 084 587 7660
Navrae: Nicholas van der Merwe 082 324 3733
VLEISSENTRAAL PORT ELIZABETH 041 001 0122
PORTELIZABETH@VLEISSENTRAAL.CO.ZA
Terme en voorwaardes geld

# Volkskool Oudskoliere Graaff-Reinet
## GHOLF JAG 2026

CHARGO
GRAAFF-REINET

---

**Datum:** 11 Junie: 17:30 by Rolbalklub, ete en inligtingsessie.
12 Junie: Jag en veldbraai.
13 Junie: Gholf. Ete en prysuitdeling by Gholfklub
14 Junie: Vertrek

**Spanlede:** Span van 4 lede
**Koste:** R8 000 per persoon

**Koste sluit in:** 3 x nagte verblyf in gastehuise in Graaff-Reinet
Smaaklike Karoo-etes
Oos-Kaap jaglisensie en dagfooie vir jagplase
2 x Springbokke (Ekstra bokke kan gereël word teen koste)
Gholf
Verwelkomingspakkie, hemp en hoed ingesluit

---

*Kom geniet die béste van die Karoo ...*
*Speel gholf op Graaff-Reinet se pragtige baan,*
*geniet ñ besonderse jag soos net hierdie omgewing kan*
*bied en ervaar ware Karoo-gasvryheid!*

---

Navrae | Danie van der Nest | 082 922 0248

# gedagte vir die week

Vind jou identiteit eerste in Hom Eenkeer ry ek en vroulief met die Gautrein van Kempton Park af Sandton toe. Toe ons daar afklim, hoor ek hoe ‘n Engelse vrou, wat ons vroeër behoorlik op en af gekyk het, vir haar vriendin sê: “Vandat die Gautrein op die Oos-Rand stop, beland meer mense in Sandton as wat eintlik hier hoort!”

Ek moet sê sy het my dag gemaak. Kort daarna moet ek iets in Australië gaan aanbied. Na die tyd kom vra ‘n “expat” toe vir my of ek ernstig was toe ek opgemerk het ek bly in “a very insignificant part of South Africa called Kempton Park.” “Gaan jy regtig weer terug Kempton toe?” het sy my verbaas gevra. Ons adres het ons blykbaar weggegee. Die regte adres is vir vele mense ‘n belangrike identiteitsmerker. Ons as navolgers van Jesus se belangrikste identiteitsmerker is egter nie ons adres nie. Ons vind on identiteit heel eerste in Hom.

Dit beteken onder meer dat ons heel eerste sy kruis dra en nie op soek is na trone en krone vir onsself nie. En dat ons heel eerste dien en nie op die hande gedra wil word nie. Ons roeping en ons voorreg is om die voorbeeld na te volg wat ons Here Jesus vir ons gestel het. Hy is ons lewe. Ons leef eksklusief vir Hom. Ons verheerlik Christus deur elke gedagte, elke emosie, elke woord, elke daad.

~ Stephan Joubert ~